Transformatiewe Hermeneutiek?

Dirkie Smit

"Back to the future" is die fassinerende titel van een van Geoffrey Wainwright – die wêreldbekende ekumeniese teoloog – se byna profetiese geskrifte. Die metafoor ontleen hy aan die roeisport, waar spanne kragtig na vóre versnel terwyl almal na ágter sit en kyk, hul oë gesamentlik soos één, in blindelingse vertroue en volkome afhanklikheid, stip gerig op die stuurpersoon agter in die boot, wat sowel die presiese rigting as verlangde tempo aangee. Hy glo dis hoe die kerk leef en altyd behóórt te leef – facing the past – en hy wys hoe vier van die invloedrykste vernuwingsbewegings van die 20ste eeu elkeen presies dit gedoen het – die liturgiese en ekumeniese bewegings, asook die leerstellige en hermeneutiese vernuwings.

Liturgiese beweging

Die liturgiese beweging – sowel Katoliek as Protestant – het konsekwent na die vroeë kerk gekyk vir verdieping, vernuwing en inspirasie. Tydens dekades waarin baie Westerse kerke diep geraak is deur komplekse prosesse van sekularisasie, gedra deur lewensbeskoulike kragte wat vandag ook ons samelewing beïnvloed, het die liturgiese vernuwing met wonderbare vrug gaan delf in dié eeue destyds toe die kerk se identiteit gevorm is en hy op kragtige wyse feitlik die hele bekende wêreld bekeer het.

Uit die liturgiese diepgang en rykdomme van die tweede tot vierde eeue het die liturgiese beweging ou en nuwe skatte ontgin – leerstellig, ritueel, simbolies, moreel – wat steeds die wêreldkerk geestelik voed en vorm.

> *"The modern liturgical movement has drawn from the early church the vision of the evangelized and evangelizing church as a company of baptized and believing people, assembling on the day of the Lord's Resurrection to 'proclaim the Lord's death until he comes' and thence scattering week by week to bear witness to God's transforming presence and power"* – elke woord is vir Wainwright swanger aan betekenis, en volgens hom moet dié liturgiese visie steeds beliggaam en uitgeleef word in ons nuwe eeu.

Ekumeniese beweging

Die ekumeniese beweging het óók teruggekyk, en die bede van Jesus om die eenheid van die kerk as motto geneem (Joh 17). Dié eenheid is nodig ter wille van die sending van die kerk – sodat die wêreld die evangelie kan glo. Alle skeiding en verdeling tussen gelowiges weerspreek dié eenheid en dié boodskap. Daarom is sovele ekumeniese strewes gerig op die herstel van dié sigbare eenheid – van doop, nagmaal en amp; van gesamentlike diens in die wêreld; van gesamentlike getuienis en lewe, van één geloof en één belydenis – ter wille van dié evangelie en sy geloofwaardige verkondiging.

En weer eens vra enige geloofwaardige vernuwing van die kerk in óns eeu, volgens Wainwright, presies dieselfde soort terugkyk en kerkhereniging:

> *"A continued revisitation of the apostolic and patristic church remains vital to the ecclesial reconciliation without which the credibility*

of the message of cosmic reconciliation is impaired and its final realization frustrated."

Leerstellige vernuwing

Leerstellige vernuwing is ingelui deur Barth en sy radikaal vernuwende herontdekking van die lewende teenwoordigheid van die Drie-enige God in die Opgestane Gekruisigde – en hy sou óók terugkyk, en sy inspirasie vind in die vroeë kerk en die Hervorming. Die eweneens diepgrypende Rooms-Katolieke vernuwing, wat die Tweede Vatikaanse Konsilie voorberei maar ook verder laat uitwaaier het, berus eweneens op terugkyk, na die patristiese studies en nuwe verwondering oor die rykdom en krag van die lewende Tradisie.
Die enigste moontlike weg van ware vernuwing vir die kerk in ons eeu is ook slegs vanuit dié Trinitariese geloof te verwag, meen Wainwright:

> "*Into the twenty-first century, it may well prove that the most valuable acquisition of twentieth-century dogmatics to accompany us will be the rediscovery of a vital doctrine of the Trinity. A firmly trinitarian perspective will be necessary as the church and theology of the twenty-first century tackle some questions that have emerged and that appear likely to grow in importance on the intellectual, cultural, social, and religious planes.*"

Hermeneutiese vernuwing

Hermeneutiese vernuwing was ten diepste – herinner hy – 'n reaksie teen die modernisme se verwerping van die lewensoriënterende rol, invloed en gesag van die verlede. Sommige radikale postmoderne stemme gaan vandag selfs verder – as 'n soort modernisme gereduseer-tot-die-absurde – en wil sommer álle gesag afwerp. Talle ander sogenaamde postmoderne posisies herontdek egter vandag weer die oriënterende en vernuwende potensiaal van die geskiedenis en die tradisie – en probeer hermeneuties daarmee omgaan.
Hermeneutiese nadenke soek na praktiese wysheid, na insig in wat waarlik nodig is, na wat gedoen en wat nagelaat moet word, na onderskeidingsvermoë en geestelike aanvoeling, óók met die oog op besluite en handeling – en juis daarvoor lees hermeneutiese nadenke steeds die ryke bronne van die verlede, met die oog op die konkrete hede en die toekoms wat nog kom.
Wainwright se gevolgtrekkings is diepsinnig en radikaal.

> "*In the twenty-first century, the ecumenical task is still to identify the church. Scriptural hermeneutics is needed to test whether the liturgical anamnesis truly proclaims the things of Christ and the liturgical epiclesis effectively produces the fruit of the Spirit. Dogmatic reflection is needed to aid pastoral judgment in discerning where the voice of the Beloved Son is heard and the Holy Spirit flourishes.*"

Transformatiewe hermeneutiek?

Transformatiewe hermeneutiek? In die kerk kan dit nooit beteken dat hermeneutiek – hetsy die verstaan van die Skrifte, van die evangelie óf van die lewe – in diens van een of ander proses van "transformasie" gestel word nie, ongeag of dié "transformasie" vooropgesette idees oor die omvorming van die samelewing óf oor die vernuwing van die kerk sou wees. Beide sou ideologiese misbruik van die Skrifte en die evangelie op sy allerergste beteken, soos wat ons dit uit die geskiedenis maar al te tragies en pynlik ken.
Transformatiewe hermeneutiek is egter wél blywend nodig indien daarmee die voortdurende omgang-met-die-verlede-met-die-oog-op-die-hede-en-die-toekoms bedoel word – en waarskynlik is dié vierledige soort terugkyk waarvan Wainwright praat presies die soort transformatiewe hermeneutiek wat die wêreldkerk benodig in óns tyd.

Identifiseer – herken - onderskei

Die blywende taak van die (ekumeniese) kerk is om die kerk te identifiseer, te herken en te onderskei – om te oordeel wat die kerk waarlik is en geroepe is om te wees. Dáár begin alle egte vernuwing.
Daarvoor lees die kerk die Skrifte – sáám, luisterend, biddend, wagtend, ootmoedig, selfondersoekend. Dié soort lees help die kerk om saam steeds te kan beoordeel:

- of wat in die erediens onthou en gevier word waarlik die evangelie is, of dalk eerder iets vreemds, iets ontleen aan kultuur en tydsgees;
- of ons belewenisse en ervaringe in die erediens inderdaad belewenis van die Heilige Gees van die Drieënige God is, of dalk eerder van 'n vreemde gees, ons eie gees, die uitinge van ons eie behoeftes en stemminge en dalk eerder bloot die gees en styl van ons tyd en omgewing – en dáárom is dit blywend 'n radikaal vernuwende soort lees.

Dié soort lees help die kerk om steeds saam te ontdek:

- of ons aanbidding inderdaad uitloop op lewe daar buite wat pas by dié aanbidding,
- of ons lewe deur die Gees inderdaad 'n wandel deur die Gees word,
- of ons belydenis beliggaam word,
- of ons gesange gehoorsaamheid word,
- of ons sosiale, ekonomiese, politieke, burgerlike lewe verspieëling of verloëning is van wat in die erediens gebeur –

en dáárom is dit inderdaad blywend 'n radikaal vernuwende lees.
Diepgaande en gesamentlike teologiese besinning is nodig ter wille van dié soort onderskeidingsvermoë – en daarom is hermeneutiese teologie, wat die toekoms tegemoet leef terwyl dit gedurig saam agtertoe bly kyk vir koers en leiding, vir oriëntasie en geesdrif, lewensnoodsaaklik vir die kerk, en slegs só waarlik vernuwend en hervormend.